

**12 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 7:1-28**  
**Fokusgedeelte: Daniël 7:17-18**

### **Uitslag van die wêreldstryd**

Mense kan die mees fantastiese toekomsvoorspellings maak. Wanneer God egter oor die toekoms praat, gryp dit gelowiges aan (soos vir Daniël) en bewaar hulle dit (vers 28).

Waar Nebukadnesar die wêreldryke in sy droom as 'n imponerende mensbeeld gesien het, word dieselfde ryke aan Daniël as diere geopenbaar. Hulle word geopenbaar in hulle ware aarde en strewe, naamlik dat die ryke in wese roofdiere is waarvan die volgende dier (ryk) nog erger is as sy voorganger. Daniël leer ook van die koms van die Seun van die mens, (Jesus Christus) en sy heerskappy en van die komende hofsitting voor die geweldige troon van God.

Daniël sien en hoor dat die aardse ryke en hulle magstryd uiteindelik saamtrek en fokus in 'n magstryd teen God en sy kinders. Hiervan is die koms van die Antichris die klimaks. Vir 'n afgemete tyd sal die Antichris selfs koning kraai, maar die hemelse hofsitting sal die stryd beëindig en die rolle permanent omkeer. Hierdie ontstellende gesig het Daniël so aangegryp dat hy sommer bleek geword het. Tog is dit vol hoop en troos. Wie rekening hou met die hemelse hofsitting, gaan die toekoms met realisme en hoop tegemoet.

*Sing: Psalm 94:1*

*Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*